Publication: Die Burger (Kaap Stedelik)
Date: 22 Mar 2017
Page: 11

# Menseregte lei die proses van transformasie

**Godsdiens Aktueel**
Nico Koopman



Transformasie is 'n woord wat dikwels misverstaan en misbruik word. Die Handves van Menseregte spel die doel van transformasieprosesse by individue en instellings uit, en menswaardigheid is die fundamenteelste beginsel daarvan.

Volgens die Handves van Menseregte verbind alle Suid-Afrikaners van alle agtergronde ons daartoe om individue, instellings en 'n land te wees waar almal menswaardigheid geniet.

Vir Suid-Afrikaners is transformasie 'n proses, 'n reis na menswaardigheid vir almal. Transformasie is dus 'n wen-wen-proses wat vir almal 'n florerende lewe ten doel stel.

Transformasie sluit niemand se florering en waardigheid uit nie. Transformasie wat uitsluit, is nie transformasie nie, maar deformasie.

> **“Transformasie is 'n reis na 'n lewe van heling, geregtigheid, vryheid en gelykheid vir almal.**

Vir ons is transformasie sowel kwantitatief as kwalitatief. Kwantitatiewe transformasie verwys na die dinge wat ons kan tel.

Instellings moet byvoorbeeld groter vlakke van kleur- en genderdiversiteit van personeellede en leerlinge weerspieël. Realistiese en gepaste teikens moet gestel word en meganismes moet geskep word om hierdie teikens te bereik. Die leuse van uitmuntendheid deur diversiteit moet nagestreef word.

Dit verwys ook na instellings se openbare semiotiek, dit wil sê die betekenisse wat geheg word aan ons openbare geboue, ruimtes en simbole, soos onder meer die name van geboue, wie op ons portrette en foto's is, vir wie daar standbeelde en plakette is, hoe toeganklik ons geboue vir gestremde persone is, en hoe gendervriendelik ons ruskamers is.

Kwalitatiewe transformasie het te make met hoe mense ons instellings ervaar. Sommige praat hiervan as ons institusionele kultuur, oftewel die kollektiewe karakter, die kommunale persoonlikheid, die koöperatiewe identiteit van ons instellings.

Institusionele kultuur verwys na ons verskuilde en onderbewuste prentjies, idees en opvattinge van mekaar, ons vooronderstellinge, vooroordele, gesigspunte, houdinge, gesindhede, gewoontes. Al hierdie dinge vorm en weerspieël ons gesamentlike karakter, persoonlikheid en identiteit.

Transformasieprosesse streef na 'n institusionele kultuur van menswaardigheid. Om instellings se institusionele kultuur te verander moet ons transformasiekundigheid ontwikkel.

Ons praat ook van sistemiese transformasie. Dit beteken alle aspekte van 'n instelling, persone, programme, fisieke ruimtes en leefruimtes groei in die rigting van menswaardigheid.

Transformasie is 'n moeisame maar opwindende en gesamentlike reis na 'n lewe van menswaardigheid, heling, geregtigheid, vryheid en gelykheid vir almal!

■ **Koopman is 'n teoloog en viserektor van die Universiteit Stellenbosch.**

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission